Hoofmeisie

"U laat my by 'n Feesmaal aansit, terwyl my teenstanders moet toekyk." So skryf Dawid in Psalm 23 vers 5. Ek wil julle nooi om by my sewejaar feestafel te kom aansit. Ek wil graag 'n paar gaste persoonlik uitnooi, want hulle het 'n groot rol in die voorbereiding van die tafel gespeel. In die eerste plek wil ek my Hemelse Vader uitnooi, om aan die hoof van die tafel te kom sit. As ek terugkyk na die afgelope sewe jaar by A.G. Visser - veral graad 7 jaar - sien ek heeltyd net een ry voetspore, en nooit twee nie. Die rede hiervoor is dat Hy my die heeltyd, elke oomblik, gedra het. Tweedens nooi ek my ouers - Mammie en Daddy uit - om ook hier aan my feestafel te kom sit. Hulle sê mos, met die grysheid, kom die wysheid, maar ek dink met elke rooi haar kom die vurigheid. Daar was nie 'n dag wat my ouers nie in vurigheid - bedoelende veggereed - vir hul dogter sou staan nie. Oor my sewe Vissie-jare, was dit my ouers wat die bron van inspirasie vir my feestelikheid was. Vervolgens wil ek ons skoolhoof en elke personeellid naderwink, om hulle plekke ook te kom inneem. So sal ek die personneellede, met mnr. Roothman aan die stuur, onthou, as mense wat altyd slaggereed is vir enige geleentheid, en wat my as Vissie gebou, gebeitel en gevorm het. Laaste maar nie die minste nie, wil ek graag my mede-vissies uitnooi, om hier aan my feestafel te kom aansit. Sonder julle, my maats, mede-prefekte, kennisse en sommer almal, sou hierdie feesgeleentheid nie moontlik gewees het nie. Julle is die boublokkies wat my lewensmure, sterk en stewig aanmekaar gesement het. Noudat my feestafel volledig gedek is, met baie herinneringe oor die sewe jaar, en noudat al die belangrike feesgangers teenwoordig is, net 'n kort tafelgebed. "Seën Heer die feesgangers, en maak hul weereens tot 'n Seën vir ander!"

Suemaé Sutherland

Hoofseun

Toe ek drie jaar gelede my eerste dag hier in Vissieland beleef het, het my broek maar lekker gebewe! Gelukkig was dit net daardie eerste dag want gou het ek besef dat almal hier oorloop van vriendelikheid en het my sommer gou laat tuis voel. Nou staan ons as gr. 7's weer in 'n nuwe fase van ons lewe en volgende jaar gaan daar seker weer 'n paar broeke, en rokke, wees wat bewe. Party van senuwees en ander dalk van opgewondenheid. Ons sou nie tot hier gekom het as dit nie was vir die ondersteuning en toewyding van ons ouers, skoolhoof en personeel nie. Dankie uit die diepte van ons harte vir almal se aandeel in die vorming van ons menswees! Aan God gee ek al die eer vir elke oomblik in my lewe. Dankie ook vir die vertroue wat almal in my gestel het as hoofseun. Ek wil ook aan die leerlingraad wat my in my taak ondersteun het, dankie sê. Ons gr. 7's het hierdie jaar soveel lewenslesse geleer en al het ons soms foute gemaak, het ons daardeur ook iets geleer. Ek kan nie anders as om te sê dat ons graad 7-groep regtig 'n GREAT span was nie. Ons het soveel lekker herinneringe wat aan ons gaan vasklou soos "Vaseline"! Aan die gr. 7's van volgende jaar, baie sterkte en geniet elke oomblik! Aan God wil ek vra dat Hy almal hier by Vissieland seën met Sy goedheid en liefde!

Ek neem afskeid met hierdie woorde: Die lekkerste plek om te wees, is in iemand wat omgee se gedagtes, die veiligste plek is in iemand se gebede, maar die heel beste plek, is in God se hand!

Totsiens! *Jaques du Preez*

Tannie, sal tannie asb. afkondig die Visservonkredaksie moet aktiwiteitsperiode in die Mediasentrum wees. Hierdie woorde moes tannie Anna-Marie mal gemaak het, maar dit was alles die moeite werd na 3 suksesvolle Visservonkies. Dankie dat ek in my laaste jaar by Vissieland, myself kon besig hou met die "awesome'ste" koerant ooit. Sonder die "coolste" redaksiespan van 2009 sou dit nie moontlik gewees het nie - julle was sterre!!! 'n Baie spesiale dankie aan mnr. Wynand wie se oor altyd gewillig was om te luister na al my probleme en dit vir my kon oplos. Dankie aan my ma, Marie Kriek, wat my elke kwartaal gehelp het met die bladuitleg, werksverdeling, organisering en nagte om se laat werk. Dankie aan al die *"awesome'ste"* Vissies, wat elke kwartaal die *"awesome'ste"* skool se *"awesome'ste"* koerantjie gekoop het. My wense vir 2010 se redaktrise en al die ander Vissies is: "Met vriendelikheid en sjarme, kan 'n mens 'n slang laat glimlag. . . ."

Geniet 2010 en mag die liefde van Jesus julle harte elke dag vul!!!

Carli "awesome" Kriek

Redaktrise